

DIE
NUWE GEREFORMEERDE
KATEGISMUS OOR
MENSLIKE SEKSUALITEIT

*'n Kategismus geskoei op die Heidelbergse
Kategismus van 1563*

Christopher J. Gordon



Published by Gospel Reformation Network & Abounding Grace Radio, 2022

Revised July, 2022

www.gospelreformation.net |

www.agradio.org Vertaal deur Nikolaas

Pienaar

Cover design and layout by Kerri Ann Cruse

© Gospel Reformation Network & Abounding Grace Radio. All Rights Reserved.

Inhoudsopgawe

Voorwoord	5
Inleiding	7
Inleiding Vrae 1–2	11
Deel Een: Skepping Vrae 3–15	12
Deel Twee: Sondeval Vrae 16–22	17
Deel Drie: Verlossing Vrae 23–26	20
Deel vier: Herstel Vrae 27–41	22

Voorwoord

Die Heidelbergse Kategismus begin met die woorde: “Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort.” Dit is deur Zacharias Ursinus geskryf en in 1563 uitgegee. Die Heidelbergse Kategismus het spoedig ’n gids vir die Christelike leer en lewe tydens die Reformasie geword. Die Kategismus het daarop gefokus om Christene in staat te stel om die diepste waarhede op die beste manier vas te gryp gedurende die onstuimige tye van die Reformasie.

Vandag se revolusie in die teologie handel nie oor die leer van die regverdigmaking deur geloof alleen nie, maar oor seksuele identiteit. Ons post-Freudiaanse wêreld handhaaf sonder enige noemenswaardige teenkating, dat seksuele identiteit die belangrikste waarheid oor ’n mens is. Onder die banier van LGBTQ+ hang egte menswees daarvan af om jouself onder een van hierdie letters te identifiseer en om heelhartig diegene wat hulself as sulks identifiseer te prys. Die Amerikaanse Mediese Assosiasie sê vir ons dat geestesgesondheid daarvan afhang om dit wat jy begeer uit te leef; en dat entoesiastiese ondersteuning van diegene wat doen wat reg is in hul eie oë, ’n selfmoordvoorkomingstrategie is. Die Bybelse skeppingsgeskiedenis word as ’n ouwêreldse narratief gesien wat geen bindende krag het nie, waar daar vandag in die Verenigde State honderde pediatriese geslagsklinieke is waar tieners alreeds met hul eerste besoek testosteroontherapie ontvang. Dít sonder ouerlike toestemming óf die aanbeveling van ’n terapeut.

In kontras met die wêreld se mensbeeld, verstaan ’n Bybelse antropologie dat na Adam se sondeval (Genesis 3), ons, as sy nageslag, ’n sondige natuur het wat elke mens dwing om lief te wees vir goed wat God haat. As niks die uitlewing van ons wil terughou nie, sal ons sondige

drange ons kop eerste in 'n aantal geestelike, morele en fisiese gevare dompel. Niemand is uitgesluit van die erfsonde en die gevolge daarvan nie. Die Skrif is duidelik dat ons vir sowel ons aangebore as ons werklike sondes verantwoordelik is (Psalm 5:6, Romeine 1:18, Deuteronomium 27:15, Hebreërs 9:27). Om verantwoordelikheid vir ons eie sonde te neem, is moeilik, maar noodsaaklik, en vanweë die wyse waarop die wêreld, die vlees en die duiwel teen ons saamspan, is dit moeilik om te weet waar om te begin.

Dit is hier waar Christopher Gordon se *'Die Nuwe Gereformeerde Kategismus oor Menslike Seksualiteit'* aan die kerk 'n tydige en pastorale gids gee. Ek het geen twyfel dat hierdie middel van dissipelskap die eer aan God sal gee en deur die Here gebruik sal word om van diegene wat deur seksuele sonde gevange is, te bevry nie. Drie-en-twintig jaar gelede toe ek in 'n lesbiese verhouding was en terselfdertyd besig was om die Bybel te lees, sou ek baie nut uit *'Die Nuwe Gereformeerde Kategismus oor Menslike Seksualiteit'* geput het. Ek weet dat ek nie alleen in die behoefte aan hierdie kategismus is nie.

Mag God jou ryklik seën soos wat jy in Christelike vryheid toeneem. Mag hierdie kategismus jou help om aan die waarheid vas te hou en om beter te verstaan hoe die hele raad van God oor die goddelike prioriteit van menslike seksualiteit praat.

Rosaria Butterfield

Inleiding

Die historiese belydenisskrifte van die Protestantse kerke het gedien om Christene deur die eeue in die waarheid van die Evangelie te bewaar. Ons is groot dank verskuldig aan diegene wat die tyd gevat het om met groot akkuraatheid en duidelikheid die kosbare waarhede van ons geloof te formuleer. Ons staar vandag egter unieke uitdagings in die gesig ten opsigte van nuwe bewegings wat die integriteit van dit wat ons glo ondermyn.

Van besondere belang is die manier waarop die huidige seksuele-revolusie dit wat God as goed geskep het, omverwerp. Hierdie is 'n unieke uitdaging wat al deur baie hulpvaardige skrywers beantwoord is. Die probleem is dat daar nie genoeg Christene is wat tyd maak om resente boeke oor die onderwerp te lees nie. Daar is ook min hulpbronne wat gesinne, studiegroepe en kerkgangers rondom belydenisskrifte saambring om die uitdagings van ons dag aan te spreek.

Belydenisskrifte is oorspronklik deur die kerk opgestel om opsommende waarhede van die Christelike geloof, in antwoord op teologiese dwaling na leer en lewe te bied. Kategismusse het in besonder kort, bondige opsommende stellings in vraag-en-antwoord-formaat rakende spesifieke kwessies rondom die leer en lewe van die geloof gebied. Hierdie dokumente is bedoel om Christene, veral kinders en die wat nuut tot die geloof is, te help om hul gedagtes rondom dit wat die hele Skrif oor 'n bepaalde aspek van die Christelike geloofsleer, te vorm. Vandag nog is katekisasie een van die doeltreffendste metodes om Christene van dwaling te bewaar.

Die hedendaagse kultuur is daagliks besig om ons en ons kinders met die heersende idees van die dag te katekiseer. Christene het die roeping om hierdie aanslag op ons geloof die hoof te bied deur God se volk in sy Woord en

waarheid te katkiseer. Die groot noodsaak van die tyd is ’n robuuste terugkeer na die opleiding van Christene in die geloof wat ons bely.

Terwyl van ons ouer belydenisskrifte sake wat ons vandag aantref in die breë bespreek, spreek hul ongelukkig nie die huidige uitdagings spesifiek aan nie. Uit vrees dat ’n nuwe kategismus of belydenisskrif die integriteit van ons bestaande belydenisskrifte sou ondermyn, of skeuring in die kerk se eenheid sou bring, het ons histories die skryf van nuwe belydenisskrifte en kategismusse vermy.

Wat egter vergete is, is die feit dat gereformeerde predikante van die sestiende en sewentiende eeu gereeld kategismusse geskryf het. Richard Greenham, die groot puritein wat naas William Perkins sekerlik die grootste invloed uitgeoefen het, het ’n bekende kort kategismus oor die basies beginsels van die Christelike geloof opgestel. Greenham het ’n meesterlike kategismus opgestel wat gehelp het om duidelikheid te kry oor sake wat nie spesifiek in die kerkverband se aanvaarde gereformeerde belydenisskrifte vervat is nie.

Dit is dan ook presies die doel met hierdie kategismus voor jou. Daar is amptelike, aanvaarde belydenisskrifte van die kerk wat amptelike gesag het en die kerk in die bewaring van die waarheid dien. Hierdie kategismus is nie ’n amptelike kerklike dokument nie en geniet nie daardie gesag nie. As ’n gereformeerde predikant het ek ’n persoonlike kategismus wat op die Heidelbergse Kategismus geskoei is, geskryf om Christene te help om hul gedagtes rondom die tema van menslike seksualiteit vanuit die Skrif te vorm.

Hierdie kategismus is bedoel om gedurende huisgodsdienste om die etenstafel gebruik te word en om ouers die geleentheid te gee om met hul kinders oor hierdie kwessies te praat. Die kategismus is ook bedoel om geleentheid vir Bybelstudies, Sondagskool, en preekreeks vir predikante te gee om sodoende die huidige uitdagings rakende menslike seksualiteit aan te spreek.

Ek het hierdie kategismus aan ’n verskeidenheid gerespekteerde akademici en predikante voorgehou om terugvoer en regstellings te ontvang. In besonder spreek ek my dank aan Rosaria Butterfield, Christopher Yuan, R. Scott Clark, W. Robert Godfrey, Carl Trueman, David VanDrunen, Michael Brown, Doug Barnes, Wes Bredenhof, Chad Vegas, Mark Stromberg, Jonathan Cruse, en Jon Payne uit vir hul uitnemende hulp in die opstelling van hierdie kategismus.

Ek hoop dat jy, geliefde leser, dit sal ontvang as ’n nederige poging om Christene te help om die skeppingsmatige seksuele etiek wat God van die begin af vir ons beswil ingestel het, te geniet en uit te leef.

Christopher J. Gordon
Escondido, CA

INLEIDING

1. V. Hoekom is dit vertroostend om te weet dat ons 'n nuwe identiteit in Jesus Christus het?

- A. Omdat ek weet dat ek besig is om in 'n ware identiteit —¹
na liggaam en siel,
deur die verloop van my hele lewe,
na die beeld van Christus herskape te word,
om sodoende myself in God te verheug
en Hom ewig te verheerlik.²

Hy het my lewe losgekoop
met die kosbare bloed van sy Seun³
en my van die leuen van die Satan in die Tuin bevry.⁴
Ook waak Hy oor my op so 'n wyse
dat Hy my van alle seksuele onreinheid bevry
as die tempel waarin Hy woning maak;⁵
In wese: alle dinge moet saamwerk
om my na die beeld van sy Seun te herskep.⁶

Omdat ek hierdie nuwe identiteit het,⁷
verseker Christus my
deur sy Heilige Gees

1 Gen. 1:26-27; Rom. 8:29; 2 Kor. 3:18; Kol. 3:10

2 Ps. 146; 1 Kor. 10:31

3 1 Pet. 1:18-19; 1 Joh. 1:7-9; 2:2

4 Gen. 3:4-5; Joh. 8:34-36; Heb. 2:14-15; 1 Joh. 3:1-11

5 1 Kor. 3:16; 1 Kor. 6:15-20

6 Rom. 8:29; 2 Kor. 3:18

7 2 Kor. 5:17

van God se onverganklike liefde,¹
en maak Hy my van harte gewillig en bereid
om van nou af en vir altyd ware vryheid as 'n nuwe skepping
te geniet.²

2. V. Wat moet ek oor menslike seksualiteit en my nuwe identiteit in Christus weet?

A. Drie goed:

Eerstens: hoe groot my seksuele sondes, nl. my onheilige begeertes, luste en dade is;³

Tweedens, hoe ek van my seksuele sondes, nl. my onheilige begeertes, luste en dade bevry word⁴ en

Derdens, hoe ek 'n lewe van dankbare seksuele reinheid in gemeenskap met Christus moet leef.⁵

Deel I: SKEPPING

3. V. Met hoeveel geslagte het God die mens geskape?

A. In die skepping het God twee geslagte geskape;
“na die beeld van God het Hy hom geskape;
man en vrou het Hy hulle geskape.”⁶

4. V. Wat vereis God van ons deur ons na sy beeld te skep?

A. God vereis dat ons Hom

1 Ps. 103:8-10; John 16:25-27

2 Joh. 8:32; Gal. 5:13

3 Eks. 20:14, 17; 2 Sam. 11:2-4; Gal. 5:16; 1 Joh. 2:16; Ef. 5:3-4; Matt 5:27,28;
1 Kor. 15:33

4 2 Sam. 12:13; Ps. 51; 1 Kor. 6:14-7:5; Kol. 2:13-15

5 1 Kor. 6:15-20

6 Gen. 1:26-27; 2:18, 21-23; 5:2; Matt. 19:4-5; Mark 10:6-7

soos wat Hy ons, man en vrou, geskape het,
met ons hele hart, siel, verstand en krag,
en ons naaste soos onself
lief moet hê.¹

5. V. Hoekom het God ons as man en vrou na sy beeld geskape?

- A. Sodat ons al die uitnemende gawes²
waarmee Hy ons geskape het,³
in ware geregtigheid en heiligheid,⁴
na liggaam en siel⁵
as man en vrou
tot sy heerlikheid sal uitleef
soos wat ons heerskappy oor die aarde uitoefen.⁶

6. V. Maar kan ons dan nie onderskeid tref tussen biologiese geslag en geslagtelikheid in ons soeke na ons identiteit nie?

- A. A. Nee, God het in die skepping van man en vrou
as draers van sy beeld
'n skeppingsorde
daargestel wat vir ons goed
is.⁷

Om geslagtelikheid as 'n nuwe kategorie van mensheid
bykomend tot die biologiese kategorie van geslag,
in die soeke na 'n unieke seksuele identiteit in te bring,
is in stryd met die skeppingsorde,

1 Lev. 19:18; Deut. 6:5; Matt. 22:37-40

2 Ps. 8:3-9

3 Ps. 100:3

4 Ef. 4:23-24; Kol. 3:10; 2 Kor. 3:18

5 1 Thess. 5:23

6 Gen. 1:26-27; Ps. 8:3-9

7 Gen. 1:26-31; 9:6; Ps. 8:3-8; Jak. 3:9

en doen afbreek aan die doelwit
waarvoor God ons geskape het.¹

7. V. Maar is daar nie sommige mense wat met 'n onbepaalde geslag gebore word nie?

- A. 'n Klein persentasie van mense word wel geslagloos gebore as gevolg van die sondeval maar is, as sulks en per definisie, uitsonderings.
In die mediese wetenskap negeer uitsonderings nie objektiewe kategorieë van mensheid nie.

Ons mag nie die bestaan van uitsonderings gebruik om die skeppingsorde, wat God goed verklaar het, te verander of te herdefinieer nie.²

8. V. Laat God ons toe om ons geslag te verander?

- A. Nee, beslis nie.³
Om hoe God ons as man of vrou geskape het, om te keer as gevolg van gevalle, onwillekeurige gedagtes en self-persepsies is 'n daad van rebellie,⁴
en 'n growwe verdraaiing van God se kreatiewe skeppingswerk wat ons, spesifiek, tot sy eer geskep het.⁵

1 Gen. 1:31; Ps. 100:3; Rom. 1:21-27

2 Gen. 1:26-27

3 Deut. 22:5; Deut. 23:1; Ps. 51:3-6

4 Kol. 3:5; 1 Thess. 4:5

5 Gen. 2:7, 22; Ps. 100:3

Verder, sal enige geslagskending
of verwarring oor seksuele oriëntasie en identiteit
in die nuwe Jerusalem
ongedaan gemaak word
en ons in ons verheerlikte liggame volkome herstel word.

Daarom behoort ons nie ons geslag te verander nie
aangesien God beloof het om ons liggame,
wat Hy manlik en vroulik geskape het,
in die finale opstanding te verheerlik
en die ewige geluksaligheid te skenk.¹

9. V. Wanneer is die huwelik ingestel?

- A. Die heilig verbintenis van die huwelik
is deur God ingestel
aan die begin van die geskiedenis met die skepping.²

10. V. Wat is die huwelik?

- A. God het die huwelik ingestel as
’n lewenslange monogame verbondsverhouding
tussen een man en een vrou.³

11. V. Hoekom het God die huwelik ingestel?

- A. Vir ses redes:

Eerstens: ’n man en ’n
vrou is bedoel om saam
te leef
in opregte liefde en heiligheid

1 Fil. 3:20-21; 1 Kor. 15:35-56; Op. 21:1-8

2 Vrae 9-13 is aangepas uit die “URCNA Statement of Affirmations Regarding Marriage:”
www.urnca.org/file_retrieve/63166; Gen. 2:18

3 Spr. 2:17; Mark 10:6-9; Ef. 5:25-32

en om mekaar getrou in alle dinge te help.¹

Tweedens, Die huwelik voorsien eggenote van die geskikte ruimte waarbinne hulle mekaar se die fisiese- en verhoudingsbehoefes, wat God aan hulle gegee het, kan geniet.²

Derdens: deur die huwelik moet die menslike geslag voortgesit en uitgebou word deur die instelling van die gesin.³

Vierdens: Die huwelik voorsien 'n struktuur wat die samelewing verryk en bydra tot sy ordelike funksionering.⁴

Vyfdens: Deur die huwelik brei God sy koninkryk uit soos, deur die liefdevolle toewyding van 'n man en 'n vrou, kinders in die ware kennis en vrees van die Here opgevoed word.⁵

Sesdens: die huwelik is ontwerp om die geheimenis van die verhouding tussen Christus en sy bruidskerk uit te beeld.⁶

1 Ef. 2:18; Ef. 5:21-25

2 Gen. 2:23; Heb. 13:4

3 Gen. 1:22, 28; 8:17

4 Gen. 1:26-28

5 Gen. 1:28; Ps. 127:3; Mal. 2:15-16; Ef. 5:22-6:4

6 Ef. 5:25

12. V. Laat God seksuele intimiteit buite die huwelik toe?

- A. Nee, glad nie.
Die Skrif leer dat die huwelik
die enigste aanvaarbare ruimte vir seksuele gemeenskap is.

Verder roep God ons tot kuis en ingetoë lewens
sowel binne as buite die huwelik.¹

13. V. Wat is die Christelike posisie oor egskeiding?

- A. Aangesien man en vrou
deur die Here saamgebring is,
mag niks in hierdie lewe hulle skei nie.²

14. V. Is daar dan nie Bybelse redes vir egskeiding nie?

- A. Die Skrif laat egskeiding toe
in die onversoenbare omstandighede van
egbreuk of trouelose verlating.³

Hierdie is egter uitsonderings
tot die algemene reël om nie te skei nie.

15. V. Laat God huwelike toe tussen mense van dieselfde geslag?

- A. Nee. God het die huwelik ingestel
as 'n lewenslange verbintenis tussen
een man en een vrou.⁴

1 Gen. 2:21-24; Eks. 20:14; 1 Kor. 7:1-2; Ef. 5:3-5; Heb. 13:4

2 Gen. 2:21-14; Matt. 19:6; Mark 10:7-9

3 Matt. 19:1-9; 1 Kor. 7:10-17

4 Gen. 2:24; Lev. 18:22; Matt. 19:5; Mark 7:21; Rom. 1:24-32; 1 Kor. 6:9; Ef. 5:31

Regerings het nie die gesag
om die huwelik iets anders te maak
as wat God met die skepping ingestel het nie.¹

Deel II: SONDEVAL

16. V. Met watter leuen het Satan ons eerste ouers in die Tuin versoek?

- A. Satan het gelieg oor die goedheid van God se skeppingsorde.

Hy het God as beperkend en onderdrukkend voorgehou en ons eerste ouers het gekies om sonde te doen deur aan die begeerte om gode oor hul eie lewens te wees, wat hul eie lewenspad bepaal toe te gee.²

17. V. Wat het met ons begeertes gebeur in die val van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys?

- A. Al die begeertes van die menslike hart, selfs die wat nie doelbewus gekies word nie, het verwring en gevalle geword in die sonde van ons eerste ouers.³

Hierdie begeertes kan nie vertrou word nie,⁴ aangesien ons nou 'n natuurlike geneigdheid het

1 Hand 5:28-29; Rom. 13:1-2

2 Gen. 3:1-7; Joh. 8:44; 1 Joh. 2:22

3 Gen. 3:16; Jer. 17:9; 1 Joh. 2:16

4 Rom. 7:14-25

om deur sondige drifte gelei te word.¹

18. V. Maar het God ons nie geskape om gelukkig te wees wanneer ons ons hartsbegeertes navolg nie?

- A. Toe God ons geskape het, het Hy ons heilig en gelukkig gemaak;²
maar toe ons egter
die leuen van die duiwel geglo het,³
het ons onself van hierdie geluksaligheid beroof
deur ons sondige begeertes te gehoorsaam.⁴

19. V. Maar is daar dan nie 'n verskil tussen versoeking tot en die uit-leef van sondige begeertes nie?

- A. God vereis dat ons
alle vorme van versoeking vermy.⁵

Versoeking is nie 'n sonde
wanneer dit sy oorsprong van buite ons het nie. ⁶

Versoeking word 'n sonde
wanneer ons ons gedagtes daarmee besig hou,
sondige begeertes koester
en op hul reageer.⁷

1 2 Tim. 3:6; Gal. 5:24; Ef. 2:3

2 Gen. 1:31; Ps. 8:6-9

3 Gen. 3:6

4 Gen. 3:16-19; Ps. 14; Rom. 3:10-18

5 Matt. 6:13

6 Gen. 39:6-12; Matt. 4:1-10

7 Gen. 3:6; 4:6-8; 2 Kon. 5:20-27

20. V. Is dit vir ons moontlik om 'n onderskeid te tref tussen die koestering van 'n sondige begeerte deur in ons gedagtes daarmee te speel en om te kies om daardie begeerte uit te leef?

- A. God verwerp sowel begeertes wat teen sy wet is as daadwerklike oortreding van sy wet.¹

Begeertes wat teen sy wil is, is sondig selfs al word hulle nie doelbewus opgesoek en gekoester nie, aangesien hulle uit 'n sondige hart kom.²

Alle onrein gedagtes en begeertes,
selfs nog voor die doelbewuste aanwending van die wil om dit te doen,
is sonde in God se oë.³

21. V. Watter tipe sondige begeertes en dade word deur die wet van God verdoem?

- A. Christus leer ons opsommenderwys in Matteus 15:18-20: “maar wat uit die mond uitkom kom uit die hart en daardie dinge maak die mens onrein. Uit die hart kom daar immers bose gedagtes, moord, owerspel, onsedelikheid, diefstal, valse getuienis en lastering. Dit is die dinge wat 'n mens onrein maak.”

22. V. Sal God toelaat dan ons sondige begeertes ongestraf bly?

- A. Nee, glad nie;
intendeel, sy toorn is verskriklik oor sowel ons sondige begeertes

1 Spr. 6:25; 7; Matt. 5:28; 1 Kor. 10:6; Gal. 5:16

2 Matt. 15:19; Jak. 1:15

3 Rom. 2:15-16; 8:5; Ef. 4:17-19; Op. 2:23

as die sonde wat ons self doen.

God sal elke ydele gedagte,

ligsinnige woord,

of bose daad

met 'n regverdige straf in tyd en ewigheid straf. ¹

Die Skrif verklaar:

“Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy volgens sy liggaamlike bestaan gedoen het, of dit goed of kwaad was.”²

Deel III: VERLOSSING

23. V. Wat is die goeie nuus van wat Jesus vir my ten opsigte van my seksuele sonde verkry het?

- A. Deur ware geloof in die belofte van God se Woord, ³
en heelhartige vertrouwe in Christus,⁴
het God uit loutere genade,
deur die Evangelie,
nie net aan ander nie maar ook aan my,
vergewing van al my seksuele sondes,⁵
die kwytskelding van al my skuld⁶
en die ewige geregtigheid en saligheid geskenk.⁷

24. V. Hoe bevry die Evangelie ons ten opsigte van seksuele sonde?

1 Matt. 12:35-37; Rom. 1:18-32; 2:16; Op. 20:11-15

2 2 Kor. 5:10

3 John 17:3,17; Heb. 11:1-3; Jak. 2:19

4 Rom. 4:18-21; 5:1; 10:10; Heb. 4:14-16

5 Kol. 2:13-14; 1 Kor. 6:13-14

6 Kol. 2:14; Heb. 2:14

7 Rom. 1:16-17; Heb. 10:10

- A. Aangesien ek, deur Christus se dood en opstanding, saam met Hom gesterf, begrawe en opgestaan het, is ek bevry van slawerny aan enige vorm van seksuele sonde.¹

Christus het die sonde se heerskappy oor my verbreek,²
en ek leef nou met 'n nuwe begeerte³
waarin ek myself as dood aan my ou weë van seksuele onsedelikheid beskou,⁴
en lewend om 'n seksuele rein lewe tot eer van God te leef.⁵

25. V. Aangesien ek nie meer aan myself behoort nie, maar met die bloed van Christus gekoop is, wat is die nuwe identiteit wat Christus vir my verwerf het?

- A. Deur geloof is ek met Christus verenig as 'n nuwe skepsel,⁶ en so deel ek in sy identiteit.⁷

In my nuwe identiteit,
vind ek berusting in God se liefde as sy aangenome kind;⁸
beskou ek myself as vrygekoop, vrygespreek, kosbaar en onder sy bewaring;⁹
en ondervind ek groot vreugde om in ware geregtigheid en heiligheid
na die beeld van Christus herskape te word.¹⁰

1 Rom. 6:1-4

2 Rom. 6:5-14

3 Heb. 8:10-12; Kol. 3:1-5

4 Rom. 6:21; Ef. 5:1-17

5 Rom. 6:11

6 Ef. 1:7-14

7 Gal. 3:28; Ef. 1:9-11; Rom. 8:29; 2 Kor. 5:17

8 1 Pet. 1:18-18; Rom. 8:16-17; 9:26; Ef. 2:19; 5:1

9 1 Pet. 1:19; Rom. 8:32; 2 Thess. 2:16;

10 Ef. 4:22-24; 1 Pet. 1:8

26. V. Hoekom is alle vorme van seksuele onsedelikheid onversoenbaar met my eenheid met Christus?

- A. Aangesien ek deur die geloof na liggaam en siel een met Christus geword het, ontheilig enige vorm van seksuele onsedelikheid my heilige gemeenskap met Christus.¹

Daarom word ek geroep om een met Christus te wees deur van alle vorme van seksuele losbandigheid te vlug.²

Deel IV: HERSTEL

27. V. Wat beveel God ons om te doen wanneer ons in seksuele sonde val?

- A. Wanneer ek enige vorm van seksuele sonde pleeg deur selfs die kleinste begeerte of gedagte wat teen God se wet is, moet ek:
my sondes aan Hom bely³
heelhartig van my seksuele sonde af wegdraai⁴
en streef om in die nuwe lewe te wandel.⁵

28. V. Is God kwaad vir sy kinders wat steeds stryd in hul strewe om met seksuele onsedelikheid te breek, ervaar?

- A. God is barmhartig en genadig,

1 1 Kor. 6:15-20

2 1 Kor. 6:18; 1 Thess. 4:3

3 Ps. 1; 32:5; 2 Sam 12:13; 1 Joh. 1:9

4 1 Kor. 6:18; 1 Thess. 4:3

5 Rom. 6:4; 7:6; Kol. 3:1-5

lankmoedig
en groot van goedertierenheid.¹

Wanneer ons God met 'n hart vol ootmoed en berou nader,²
ons sondes bely en van hulle af wegdraai,
beloof God om al ons sondes te vergewe
en ons van alle ongeregtigheid te reinig.³

God het verklaar:
“die geknakte riet sal Hy nie verbreek
en die dowwe lampfit nie uitblus nie.”⁴

29 V. Wat van gelowiges wat teen aangetrokkenheid tot dieselfde
geslag baklei maar steeds aanhou om skaamte en skuld vir hierdie
begeertes te ervaar?

- A. God, in die Evangelie van sy Seun,
het verklaar dat daar nou geen veroordeling is
vir die wat in Christus Jesus is nie.⁵
Enige onheilige begeerte, selfs die wat onwillekeurig by jou
opkom,
soos aangetrokkenheid tot dieselfde geslag,
word deur die bloed van Christus bedek.⁶

Gelowiges wat aanhou om te stry
teen aangetrokkenheid tot dieselfde geslag,

1 Ps. 103:1-14

2 Ps. 34:18; 51:17

3 Rom. 4:6-8; 1 Joh. 1:9

4 Jes. 42:3

5 Rom. 8:1

6 Kol. 2:13

moet op God se vergewende genade steun,¹
en met vasberadenheid
deur die krag van die Heilige Gees,
streef om in die nuwe lewe te leef.²

Verder moet die liggaam van Christus
nie diegene, wat teen enige seksuele sonde
stry, vermy of uitsluit nie.³
Nee, gelowiges, in 'n gees van medelye,⁴
moet “mekaar se laste dra,
en op die manier uitvoering aan die wet van Christus gee.”⁵

30. V. Aangesien al ons seksuele sonde vergewe is, hoekom moet
ons dan nog 'n lewe van seksuele reinheid nastreef?

A. Vyf redes:

Eerstens: Omdat ons seksuele begeertes ons nie
definieer of ons identiteit,
as diegene wat deur die kosbare bloed van Christus
losgekoop is, bepaal nie.⁶

Tweedens: Omdat seksuele reinheid die wil van God vir ons
heiligmaking is,⁷
soos wat ons deur die krag van die Heilige Gees
tot die ewebeeld van die Seun van God vernuwe word.⁸

1 1 Joh. 1:9

2 Rom. 6:4; Kol. 3:1-5

3 2 Sam. 12:1-13; Luk. 15:1-2

4 Jud. 22; 1 Pet. 3:8

5 Gal. 6:2

6 1 Kor. 6:20; 7:23; 1 Pet. 1:17-18

7 1 Thess. 4:3

8 Rom. 8:29; 1 Kor. 3:16; 6:19

Derdens: Deur 'n lewe van seksuele reinheid na te streef, wys ons aan God dat ons Hom vir hierdie verlossing dankbaar is.¹

Vierdens: Ons is ook getuies van die heilige reinheid waarvoor God lief is aan die wat in seksuele onsedelikheid lewe.²

Vyfdens: Soos wat ons teen ons sondige natuur stry, versterk die Heilige Gees ons in ons Christelike lewe en verheerlik ons vir God.³

31. V. Wat is pornografie?

- A. Pornografie is eksplisiete seksuele materiaal wat vervaardig word om die wellustige begeertes van die vlees te dien en deur die middel van die oog geaktiveer word.⁴ Dit is die aanskouing of verspreiding van naakte beelde van mans en vroue om seksuele opwekking te prikkel.⁵

32. V. Hoekom is pornografie so vernietigend?

- A. Omdat die gebruik van sulke beelde die seksuele intimiteit, wat vir die huwelik bedoel is, vernietig⁶ en afgodery in die aanbidding van die skepping bevorder.⁷

1 Rom. 6:13; 12:1-2; 1 Pet. 2:5-10

2 Matt. 5:14-16; Rom. 14:17-19; 1 Pet. 2:12; 3:1-2

3 1 Kor. 10:31; Gal. 5:17

4 Job 31:1; 1 Joh. 2:16

5 Matt. 5:28; 1 Kor. 7:9

6 Ef. 5:25; Heb. 13:4

7 Rom. 1:24-25

Dit verontmenslik mans en vroue deur mishandeling,
in besonder van vroue, te bevorder.¹
Dit bevorder ander vorme van seksuele onreinheid.²
Dit vestig ledigheid in die samelewing tot die leed van ons
naaste³
en verduister die verstand.⁴

33. V. Kan dié mense dan nie salig word wat in hul onheilige begeertes
en seksuele sondes volhard en hulle nie tot God bekeer nie?

A. Nee, glad nie.
Want die Skrif sê dat geen
seksueel onsedelike persoon,
egbreker,
hoereerder,
homoseksueel,
vroueslaner,
en sulkes
die koninkryk van God sal beërwe nie.⁵

34. V. Wat is in ware bekering van alle seksuele sonde betrokke?

A. Twee dinge:

Die afsterwing van die ou mens,
deur alle vorme van seksuele onsedelikheid te haat
en daarvan te vlug;⁶

1 Gen. 1:26-27

2 Rom. 1:18-27; Jak 1:14-15; 2 Pet. 2:14

3 2 Thess. 3:6-12

4 Rom. 1:28-32; Ef. 4:18-19

5 1 Kor. 6:9-10; Gal. 5:19-21; Ef. 5:1-20; 1 Joh. 3:14

6 2 Kor. 5:17; Ef. 4:22-24; Kol. 3:5-10; 1 Kor. 6:15-20

en die opstanding van die nuwe mens,
deur 'n vreugde daarin te vind om 'n seksuele rein lewe te leef
en, indien getroud, jou eggenoot op die geskikte wyse lief te
hê.¹

35. V. Hoe moet mans daarna streef om hul vroue lief te hê en hul te
eer?

- A. Mans moet opregte liefde aan hul vrouens betoon
uit eerbied vir Christus,²
deur die betoning van:
getrouheid, vriendelikheid, begrip, sagmoedigheid,
selfbeheersing en seksuele reinheid;
Om ten alle koste
verbale, emosionele, en fisiese mishandeling
of manipulerende gedrag te vermy;
En om goddelike leierskap uit te oefen.³

Mans behoort 'n goeie voorbeeld aan hul vrouens te stel
van die liefde wat Christus vir sy kerk het.⁴

36. V. Hoe moet vrouens daarna streef om hul mans lief te hê en te
eer?

- A. Vrouens moet opregte liefde aan hul mans betoon
uit eerbied vir Christus,⁵
deur die betoning van
respek, geduld, eer, bemoediging, selfverloëning en tevredenheid

1 Ps. 51:8, 12; Jes. 57:15; Rom. 6:1-11; Ef. 5:22-33

2 Ef. 5:21

3 Gal. 5:22-26; Ef. 5:25-33; Kol. 3:19; 1 Pet. 3:7

4 Ef. 5:25; Kol. 3:19

5 Ef. 5:21

en deur vreugde in die goddelike onderdanigheid wat die Here behaag.¹

Vrouens behoort 'n goeie voorbeeld vir hul mans te wees van die wederliefde wat die kerk vir Christus het.²

37. V. Hoe moet enkellopendes die Here eer in die staat waartoe God hulle geroep het?

- A. Enkellopendes wat begeer om getroud te wees, word geroep tot tevredenheid en gebed,³ om die Here in alle lewensomstandighede te vertrou,⁴ aangesien Hy weet wat die beste vir ons is, wetend dat alleen Christus ons die ware vervulling kan gee en dat uiteindelijke vreugde in Christus gevind word of jy getroud is of nie.⁵

Enkellopendes wat nie begeer om te trou nie word geroep om na liggaam en siel heilig te leef,⁶ in die geleentheid wat hulle het om hul onverdeelde toewyding aan die Here te toon.⁷ Tog behoort hul plooibaar tot die wil van die Here te wees indien Hy hul begeerte aan die huwelik sou verander en 'n eggenoot sou voorsien.

1 Spr. 31:10-31; Ef. 5:22-24; Tit. 2:1-5; 1 Pet. 3:1-4

2 Ef. 5:28-30

3 Fil. 4:11

4 Spr. 3:5-7

5 Spr. 18:22

6 1 Kor. 7:6-9

7 1 Kor. 7:35

38. V. Hoe moet die gesin tot die eer van God ingerig word?

- A. Deur Christus die sentrum van ons huislike lewe te maak deur:
liefde, nederigheid, en geduld teenoor mekaar uit te leef;¹
goddelike dissipline te handhaaf,²
die Skrif gereeld te lees,³
hartlike gebed te beoefen,⁴
om alle dinge wat geestelik nadelig is uit ons huise te verwyder⁵
en om gesamentlike bywoning van die erediens op die rusdag 'n prioriteit te maak.⁶

39. V. Wat is God se wil vir hoe ouers hul kinders in 'n geskikte seksualiteit moet grootmaak?

- A. Drie goed:

Eerstens: Ouers moet vir hul kinders 'n voorbeeld stel van 'n liefdevolle verhouding waarin die huwelik eerbaar gehou word soos wat dit deur God ontwerp is.⁷

Tweedens: Ouers moet met hulle kinders op geskikte en genoegsame wyse praat oor Bybelse seksualiteit,

1 Ef. 4:25-32

2 Ef. 6:1-4

3 Deut. 6:6-9; Kol. 3:16; 1 Tim. 4:13

4 1 Thess. 5:17

5 Jos. 24:15; 2 Kon. 23-24; Ef. 4:31

6 Heb. 10:25

7 Ef. 5:21-25

en regte seksuele optrede,
soos dit vir die huwelik ontwerp is,¹
wetend dat ons kinders daaglik met
leuens oor seksualiteit gekonfronteer
word.

Derdens: Ouers moet hulle kinders
van alle vorme van onsedelikheid en pornografie bewaar,²
en oor die gebruik van tegnologie, sosiale media
en ander mediums wat
deur kulturele groepsdruk
'n ander seksuele etiek³
as wat God in die skepping goed verklaar het, heers.⁴

40. V. Wat is God se wil vir jong volwassenes om hul ouers te eer
ten opsigte van seksuele optrede?

A. Drie goed:

Eerstens: Jong volwassenes moet hul ouers eer,
deur seksueel rein en kuis te lewe.⁵

Tweedens: Jong volwassenes moet hulself daarvan
weerhou om die goddelose seksuele norme van die
samelewing
te aanvaar en van hul ouers te verwag om dit ook te aanvaar.⁶

Derdens: Jong volwassenes moet hul vreugde in die
Here, en as enkellopendes hul identiteit in Christus
vind,

1 Spr. 5; 7; 22:6, 15; Heb. 13:4

2 Job 31:1

3 1 Tess. 4:3

4 Deut. 6:6-9

5 Eks. 22:16; 1 Kor. 6:18-20; 7; Heb. 13:4

6 Deut. 21:18-21; Spr. 29:15; 30:17; Kol. 3:20; 1 Tim. 3:1-4

soos wat hulle geduldig wag op die eggenoot
wat God vir hulle voorberei.¹

41. V. Hoe moet liefde bewys word aan die wat in seksuele sonde leef?

- A. Ons moenie die wat in die greep van seksuele sonde is
vermy of ontwyk nie.²

In stede hiervan moet ons in liefde by die waarheid³
oor seksuele sonde, bekering en geloof in Christus bly;
getuienis gee van die verlossing wat God ons
van ons eie sondes gegee het;⁴
en liefdesdiens betoon.⁵

Deur ons godvresende lewe
behoort ons daarna te streef om ons naaste vir Christus te
wen.⁶

1 Gen. 2:22-23; Spr. 18:22

2 Luk 15:1-2; Matt. 9:13

3 Ef. 4:15

4 Mark. 5:19; 1 Pet. 3:15

5 Matt. 5:43-48; Luk 14:12-14; Rom. 12:13; Heb. 13:16; 1 Pet. 4:9

6 Matt. 5:43-48; Rom. 14:17-19; 1 Pet. 2:12; 3:1-2

*To cultivate healthy Reformed churches in the
Presbyterian Church in America.*

Vision & Distinctives

1. Biblical Fidelity & Confessional Integrity

An unyielding commitment to the inspiration, inerrancy, authority, sufficiency, and efficacy of Scripture for faith and practice, along with a resolute adherence to the Westminster Standards (Isa. 55:10-11; 2 Tim. 3:16-17; Titus 1:9; 2 Pet. 1:21; Rom. 10:17; Jude 3; Heb. 10:23).

2. Gospel-Driven & Christ-Exalting Ministry

A sincere passion to proclaim the gospel of grace, always with the aim of exalting Christ in the hearts, minds, and affections of God's people (1 Cor. 1:23; 2:2; Eph. 3:8; John 21:15-19; Phil. 1:21; 3:8).

3. Earnest Prayer & Expository Preaching

A resolve to practice fervent prayer in the closet and from the pulpit, along with an unbending dedication to expository preaching that informs the mind, transforms the heart, and stirs the affections (Matt. 6:5-13; 1 Thess. 5:17; Acts 2:42; Eph. 1:15-23; Acts 2:14-36, 42; 12:5; 20:27; Rom. 10:14-15; 2 Tim. 4:1-5).

4. Intentional Evangelism & Personal Discipleship

A purposeful commitment to bold evangelism, coupled with a dedication to the old paths of serious, deliberate, faith-maturing discipleship (Luke 9:1-6; Acts 7:1-60; 8:26-40; Matt. 28:19; Luke 9:23-24; Col. 1:28-29).

5. Godly Leadership & Presbyterian Polity

A sincere devotion to personal piety among church leadership, coupled with a strong adherence to biblical Presbyterianism (Acts 20:28; 1 Tim. 4:12; 1 Pet. 5:1-4; Acts 15:1-21; 1 Tim. 3:1-7; Titus 1:5-9).

6. Reformed Worship & Vibrant Community

A joyful commitment to, and humble confidence in, the ordinary means of grace in Lord's Day worship, coupled with the nurture of loving Christian fellowship (Ex. 20:1-11; Ps. 100; Acts 2:42-47; 20:7; Rom. 12:10; 1 Cor. 11:17-34; 12:12-31; John 13:34; WCF XXI; WLC Q. 153-196).

7. Missional Clarity & Church Multiplication

A fervent and undistracted commitment to make disciples of all nations through the preaching of the gospel and the planting and strengthening of biblical churches (Matt. 28:16-20; Acts 14:7, 21-23; 15:35; Rom. 10:14-17; Titus 1:5-9).

